Dinsdag **9 Maart** 2004

Kinders kry gratis vigsmedisyne

CAREL VAN DYK

KAAPSTAD. – Die Wes-Kaapse regering sal van die komende geldjaar af vir die anti-retrovirale behandeling van alle MIV-positiewe kinders in die provinsie betaal.

Dit beteken kinders wat MIV-positief is, sal vir die res van hul lewe gratis behandeling kry.

Mnr. Marthinus van Schalkwyk, Wes-Kaapse premier, het dié aankondiging gisteroggend in die pediatriesaal van die Groote Schuur-hospitaal gedoen. Alle kinders onder 14 jaar wat dié behandeling nodig het, sal van 1 April anti-retrovirale middels gratis ontvang.

Ná 14 jaar sal hulle by die behandelingsprogram vir volwassenes inval.

Dr. Fareed Abdullah, hoof van die MIV/vigs-program in die Wes-Kaap, wou nie presiese bedrae bekend maak nie, maar het gesê die geld is in die begroting opsy gesit.

Volgens hom toon voorlopige navorsing dat die 700 kinders wat reeds gratis behandeling vir MIV/vigs ontvang, tussen 30% en 50% van die totale aantal kinders uitmaak wat behandeling nodig het. Die regering maak daarvoor voorsiening om tussen 1 200 en 2 000 kinders gratis te behandel.

Dr. Paul Roux, hoof van die pediatriese afdeling van die Groote Schuur en hoof van dié hospitaal se vigskliniek, het gesê 'n kind van sowat 10 kg sal maandeliks sowat 'n liter stroop drink. Dit bestaan uit 'n kombinasie van drie soorte wat twee keer per dag gedrink moet word.

Volgens Van Schalkwyk is daar nou meer geld beskikbaar vir dié anti-retrovirale middels omdat die oordragtempo van die MI-virus tussen ma en kind tot 8% gedaal het. Sonder voorsorgmaatreëls is dié syfer 30%.

Die Groote Schuur-hospitaal het gister bekend gemaak dat die One-to-One-kinderfonds, 'n Britse welsynorganisasie, sowat R2,5 miljoen vir die behandeling van MIV/vigs bewillig het.

Tans ontvang 220 kinders by dié hospitaal gratis behandeling. Die Wes-Kaapse regering sal van April volgende jaar ook vir dié kinders se behandeling betaal.

Volgens Roux is dit moeilik om vas te stel hoeveel kinders in die provinsie behandeling nodig het.

Redes hiervoor is die grootskaalse migrasie wat tussen die Wes- en Oos-Kaap plaasvind.

▸ cvandyk@dieburger.com